Lei, leer en inspireer
Lead, learn and inspire

DIE OPTIMALE SAMESTELLING EN BENUTTING VAN SKOOLBESTUUR

WERKSWINKEL VIR SKOOLBESTURE NMU

24 AUGUSTUS 2017
L.H. SWANEPOEL

MANUAL FOR SCHOOL MANAGEMENT
(www.msmonline.co.za)

See Chapters:

7.1: Governing Body and SMT Functions and Relations
7.2: Governance
7.3: Management

DIE OPTIMALE SAMESTELLING EN BENUTTING VAN 'N SKOOLBESTUURSPAN

BELANGRIK:

- TOEKOMSTIGE LEIERSKAP – IN SKOOLGEMEENSKAPPE GESETEL
- SKOOLBESTUURSPAN – DIE HARTKLOP VAN 'N SUKSESVOLLE SKOOL
- SAMESTELLING – NIE 'N "ONE SIZE FITS ALL"– BENADERING NIE

SAMESTELLING VAN DIE SKOOLBESTUURSPAN

DAGBESTUUR – UITVOERENDE BESTUUR (VERGADER DAAGLIKS)
- Skoolhoof
- Adjunkhoofde

BREË BESTUUR (VERGADER 2 KEER PER WEEK)
- Departementshoofde/Vakhoofde
- Hoof van Finansies
- Hoof van Kommunikasie
- Hoof van Sport
- Hoof van Kultuur
- Hoof van Koshuise
- Hoof van Ondersteuningsdienste (Dissipline)

OPMERKING
- Skole se EIESOORTIGE KARAKTER is bepalend in samestelling van 'n skoolbestuurspan.

WIE IS VERANTWOORDELIK VIR AANSTELLINGS IN DIE SKOOLBESTUURSPAN?

ROLSPELERS IN DIE ONDERWYS



OPMERKINGS:

- **Onderwysdepartement en Beheerliggaam bepaal beleid.**
- **Skoolbestuur voer beleid uit.**
- **Aanstellings van skoolbestuurspan:**
  - Beheerliggaam: Aanbeveling
  - Onderwysdepartment: Bekragtig en stel formeel aan
- **Skoolhoof moet Beheerliggaam korrek bemagtig en leiding gee.**

OORWEGINGS IN DIE SAMESTELLING VAN 'N SKOOLBESTUURSPAN

- **Unieke aard van elke skool is bepalend: grootte, karakter, uitdagings, behoeftes, hoër- vs laerskool.**
- **Skoolhoof moet sy eie beperkinge aanvul met spesifieke kundigheid in sy bestuurspan.**
- **Benutting van psigometriese toetse om die profiel van bestuurspan te bepaal (mengsel van vaardighede van belang).**
- **Die bestuurstruktuur van openbare skole soos in PAM vervat voldoen nie aan werklike vereistes vd skool nie. Indien moontlik (finansies) moet leemtes aangevul word deur interne aanstellings te maak.**

WENKE IN DIE BESTUUR VAN 'N SKOOLBESTUURSPAN

- Skep 'n veilige omgewing vir funksionering – maak seker beleide en prosesse is in plek.
- Lede van die bestuurspan behoort elkeen 'n duidelike pligstaat te hê.
- Hierdie pligstaat moet die produk wees van gesprekvoering en insette van die betrokke persoon(e) en uitvoerende bestuur.
- Die pligstaat is 'n dinamiese dokument wat deurlopend aangepas behoort te word, soos wat vaardighede en omstandighede verander.

WENKE IN DIE BESTUUR VAN 'N SKOOLBESTUURSPAN

- Die pligstaat moet oor genoeg outoriteit beskik sodat lede van die bestuurspan beplanning kan doen en besluite in eie reg kan neem. Die uitvoerende bestuur het 'n raadgewende rol te vervul.
- Waak dat lede van 'n bestuurspan te lank blootgestel word aan dieselfde pligte en take. Dit kan hulle ontwikkeling beperk.
- Lede van bestuurspan behoort 'n toegewese werkplek (kantoor) te hê, sodat vertroulike gesprekke gevoer kan word. Toegang tot 'n rekenaar, internet en telefoon is van belang.

WENKE IN DIE BESTUUR VAN 'N SKOOLBESTUURSPAN

- Lede van die bestuurspan moet in die saamstel van die skoolbegroting en die bestuur daarvan, ingesluit word. Hulle moet verantwoordelikheid neem oor begrotingsposte waarvoor hulle verantwoordelik is, dit monitor en bestuur.
- Deurlopende bemagtiging van lede van die bestuurspan is noodsaaklik, om hulle in staat te stel om effektief met hulle werkspanne te handel.
- Benewens die bestuurfunksies behoort lede van die bestuurspan die geleentheid te hê om deel van die kurrikulum- en buitekurikulêreprogram te vorm. Dit verleen geloofwaardigheid aan hulle leiding.

WENKE IN DIE BESTUUR VAN 'N SKOOLBESTUURSPAN

- Betrek die bestuurspan by suksessiebeplanning, ten einde opvolging pro-aktief te bestuur. Benut die bestuurspan in die bestuur van transformasie. Doen moeite om hulle hierin te bemagtig en te sensiteer.
- Gee die bestuurspan vryheid en ruimte. Laat hulle toe om te waag en vertrou op hulle. Motiveer, stel belang, vra vrae en laat hulle leiding neem.
- Moedig hulle aan tot kritiese denke en gesprek.
- Bestuurspanlede moet ingelig wees - vertroud met beleide en regulasies.

WENKE IN DIE BESTUUR VAN 'N SKOOLBESTUURSPAN

- Koöptering van lede van die bestuurspan tot die beheerliggaam, is 'n prioriteit. Dit maak hulle deel van die visionêre beplanning van die skool. Dit is uiters stimulerend en hulle bevind hulle in 'n omgewing van strategiese denke, beplanning en oplossings vind.
- Die geleenthede om beleide te help opstel en dit te implementeer vorm 'n wesenlike deel van bestuursopleiding. Sodoende het hulle ook 'n rol te vervul in die verslagdoening aan die beheerliggaam, soos wat die skolewet vereis.
- Moedig lede van die bestuurspan aan om in die georganiseerde onderwys betrokke te raak. Goeie geleentheid tot dienslewering, maar ook blootstelling en opleiding wat bemagtig en visie verbreed.
- Raak deel van strukture en benut geleenthede in die onderwysdepartement onder ander eksaminatore, nasieners, vakkomitees, studiegroepe ens.

SLOTGEDAGTE

BESTUUR DIE SKOOLBESTUURSPAN NIE VOLGENS HULLE UITSET GELEWER NIE, MAAR VOLGENS DIE POTENSIAAL IN HULLE OPGESLUIT!